

Saterdag 28 April

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:1-12

Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:9-12

Let op!

Terwyl ons in hierdie eindtyd, voor die wederkoms van Jesus, op Hom gefokus bly, kan ons nie die mag van Satan ignoreer nie (1 Pet. 5:8). Satan is immers die energie vir die wettelose. In sy namaak van God, met wonders en tekens, staan hy God teen. Hy is teen-oor Christus. Let op: hy doen tekens en wonders, soos Jesus ook tekens en wonders ge-doen het. Maar een ding doen hy nie: hy offer homself nie as verlosser nie.

Die mens word maklik verlei deur tekens en wonders. Vandag word al hoe meer mense se aandag deur sogenaamde prediking op God se wonderwerke (die bonatuurlike) ge-vestig. Ja, die wêreld word markgereed gemaak vir die verleiding deur die wettelose. Dis nie 'n gevaar van buite af nie, maar van binne die kerk self. Wie word deur hierdie stroom meegesleur? Dié wat die waarheid nie liefhet nie. Die waarheid is nie 'n idee of konsep nie, maar beliggaam in Jesus Christus (Ef. 4:21; Joh. 14:6). Wie Jesus nie as Verlosser wil aanvaar nie, sal moet staatmaak op wonders en tekens. Jesus noem hulle 'n slegte en afvallige geslag (Matt. 16:4). Maar let mooi op: Dis nie net Satan aan die werk nie. God is aan die werk. God stuur vir 'n slegte en afvallige geslag 'n energiestroom van valsheid (:11). Dit is God wat in sy oordeel reeds aan die werk is oor hulle wat die leuen bo die waarheid verkies. Hulle wat hulle eie verlossers wil wees, sal veroordeel word.

Daarom: Bly jy by Jesus Christus, die Weg, die Waarheid en die Lewe.
Sing: Psalm 119-1:22, 51

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)